

# Donderdag 9 September

Skrifgedeelte: Titus 2:1-15  
(1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Titus 2:11

## God se genade bring verlossing

Die genade van God is nie maar net 'n emosie wat God ervaar, of 'n eienskap van God nie. Dit is 'n daad van God. 'n Verlossingshandeling wat plaasgevind het toe Jesus Christus na die aarde gekom het om jou van die mag van die sonde te kom bevry. Jy moet nooit die mag van die sonde onderskat nie. Jy sien elke dag die mag wat die sonde rondom jou uitoefen. Gaan kyk maar na die vol tronke, die misdaadstatistiek wat die hoogte in is, al die verkeerde dinge wat by die skole gebeur, is voorbladnuus. Niks en niemand kan die mag van sonde vryspring nie. Dit is 'n allesomvattende mag wat alle aspekte van die lewe skeeftrek.

Die Bybel leer dat die mens van nature sondig is. Die sonde is nie iets daar buite jou nie. Dit is nie net 'n verkeerde gedrag wat jy aanleer nie. Nee, die sonde is deel van jou, deel van jou gene, deel van jou geaardheid, deel van jou emosies, deel van jou dade. Paulus stel dit so aangrypend in Romeine 3:12 as hy sê: "Almal het afgedwaal, almal het ontaard. Daar is nie een wat goed doen nie, selfs nie een nie."

Die mag van die sonde bestaan nie net in sy wurggreep nie, maar maak jou ook onwaardig voor God. Dit kla jou aan. Dit vervorm jou sodat jy nie 'n kind van God genoem kan word nie. As God die sonde wil vernietig, sal Hy jou moet vernietig, want jy is vol sonde.

Wanneer jy jouself in 'n wurggreep bevind, kan jy jouself nie bevry nie. Jy is vas. Dis skaakmat. Iemand anders moet jou kom verlos. Jesus Christus is die Persoon wat jou uit die mag van die sonde kom verlos. God wil jou nie vernietig nie, Hy is te lief vir jou en daarom stuur Hy in sy genade sy Seun om jou te bevry van die mag van die sonde.

Jesus verlos jou deur jou vry te koop van die mag van die sonde. Hy neem die mag van die sonde weg. Hy dra die straf wat jy eintlik moet dra. So sterf Christus vir baie verskillende soorte mense en betoon Hy sy genade aan alle mense.

God se genade verlos. Christus het jou vrygekoop van jou sondeskuld. Verstaan jy dit? Besef jy dit? Is dit vir jou 'n werklikheid? Besef jy dat die Here letterlik jou lewe gered het? Die verlossingsboodskap mag nooit vir jou afgestomp word of 'n blote intellektuele dogma word nie. Dit is nie 'n droomkasteel in die lug nie, maar is 'n werklikheid wat jou lewe vir altyd verander.

*Sing: Skrifberyming 1-1:3*

*Ds. P Cilliers (Pierre) (Daniëlskuil/Duineveld)*